SLEGS VIR DIEREGEBRUIK

# MAXISULF LA

Reg. Nr. G3657 Wet 36/1947
NS0 V14/17.1.7/1243 Wet 13/2003

## BERGINGSAANWYSINGS
Berg in 'n koel, donker plek.

## SAMESTELLING
Natriumsulfadimetoksien 40 % *m/v*

## INDIKASIES
Vir die behandeling van vrotpootjie, naelstringsiekte, septiese gewrigsontsteking en longontsteking by vee, koksidiose en bakteriese maagwerking by kalwers en lammers en nuwesiekte by perde.

## WAARSKUWINGS
- MOENIE DIERE BINNE 7 DAE NA DIE LAASTE BEHANDELING VIR MENSLIKE VERBRUIK SLAG NIE.
- MELK VAN BEHANDELDE KOEIE MOET NIE VIR MENSLIKE VERBRUIK BINNE 48 UUR NA LAASTE BEHANDELING GEBRUIK WORD NIE.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Alhoewel hierdie middel breedvoerig onder 'n wye verskeidenheid van toestande getoets is, mag dit faal as gevolg van verskeie redes. Indien dit vermoed word, raadpleeg 'n veearts en verwittig die registrasiehouer.

## GEBRUIKSAANWYSINGS - GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI
**Toediening**
Dien toe deur onderhuidse- of binneaarse inspuiting.
Masseer die inspuitplek om opname te bevorder en swelling te verminder. Die binneaarse inspuiting moet baie stadig toegedien word. Onderbreek die inspuiting by die eerste teken van ongemak en hervat inspuiting wanneer die dier normaal voorkom.
**L.W.** Behandelde diere moet vrye toegang tot volop drinkwater hê tydens behandeling en minstens twee dae na die laaste toediening.

## AANDUIDINGS
- **Beeste, skape en bokke:**
  Vrotpootjie, longontsteking, naelstringsiekte en septiese gewrigsontsteking.
- **Perde:**
  Longontsteking, nuwesiekte, septiese gewrigsontsteking en naelstringsiekte.
- **Varke:**
  Longontsteking en septiese gewrigsontsteking.
- **Kalwers en lammers:**
  Koksidiose en bakteriese maagwerking.

## DOSIS
'n Aanvangsdosis dubbel die hoeveelheid van die onderhoudsdosis word aanbeveel. MOET NIE VIR LANGER AS 4 DAE BEHANDEL NIE. **NADAT DIE AANVANKLIKE DOSIS TOEGEDIEN IS, DIEN DIE ONDERHOUDSDOSIS EEN MAAL 'N DAG VIR 3 DAE TOE.**

| Dieresoort | Aanvangsdosis | Onderhoudsdosis |
|---|---|---|
| Beeste, perde, skape, bokke en varke | 1 - 2 mℓ / 10 kg liggaamsmassa | 0,5 - 1 mℓ / 10 kg liggaamsmassa |

**L.W.** Indien enige onsekerheid ten opsigte van die dosis of diagnose ontstaan, of as geen beterskap intree na die behandeling nie, moet u onmiddelik u veearts raadpleeg.

KYRON

**Registrasiehouer:** Kyron Animal Health (Edms) Bpk., Reg. Nr. 2004/021847/07, Eenheid 45C, 45 Parkview Straat, Highway Business Park, Rooihuiskraal Uitbr. 31, Centurion, 0157, Suid Afrika. Tel: 0861 247 463.

KAH/INS120/2022/1